Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 28 Junie 1950 Prys 3d. No. 32

# U.R. VERKLAAR O.B.-BELEID

## BRITTANJE WIL ROOIES VERSTERK IN V.V.O.

**Brittanje het nou besluit om in die V.V.O hom aan die kant van die Kommunistiese lande te skaar in die veldtog tot binnesleping van die Sjinese Kommuniste, na berig word. Geruime tyd reeds heers daar 'n dooie punt in die vergaderings van die V.V.O.-komitees omdat die Russe nie wil deelneem solank die nasionale Sjinese nog teenwoordig is nie.**

**Brittanje, wat in die begin van die jaar daartoe oorgegaan het om die Sjinese Kommuniste as regering te erken, het nou besluit om op die volgende vergadering sy stem uit te bring vir die uitskopping van die nasionale Sjinese en die erkenning van die Kommuniste as die amptelike verteenwoordigers van Sjina. Wie die doel is hy tans besig om ander lande soos Egipte, Kuba, Ecuador om te rokkel om hom te steun.**

## Oorlog In Ooste

**'n Voorbeeld van die lot wat Duitsland moontlik wag, word gebied deur die militêre inval Sondagmôre deur Sowjet-beheerde Noord-Korea (ten noorde van Japan) in Suid-Korea. Net soos Duitsland is ook Korea na die oorlog in broederlike liefdesroes deur die oorwinnaars in 'n Russiese en Amerikaanse besettingsgebied verdeel. Amerika het later sy besettingsmagte teruggetrek, en sonder enige waarskuwing het die Kommunistiese Noorde hierdie week teen die ongewapende Suide toegeslaan.**

**Die verowering van Suid-Korea sal die Sowjet binne 100 myl van die Amerikaanse vesting Japan bring.**

# VERENIGDE AFRIKANERVOLK MOET IN AFRIKA LEI

**Die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou; die hooftaak wat die Afrikanervolk moet verrig, is om as leier in Afrika op te tree en toe te sien dat die vasteland van Afrika finaal verdeel word tussen wit en swart; ten einde dit alles te bereik is dit noodsaaklik dat Suid-Afrika 'n sterk regering kry deur middel van grondige hervorming van ons staatstelsel sodat die partypolitiek nie langer die stryd tussen Boer en Brit sal aanblaas, en gedwonge opposisie nie langer kragtige landsbestuur onmoontlik maak nie, en waarbinne die nasionale en ekonomiese belange van die volk behoorlik verteenwoordig sal wees.**

**Hierdie is van die belangrikste punte vervat in 'n manifes wat deur die Uitvoerende Raad van die Grootraad van die Ossewabrandwag uitgereik is.**

**Die manifes lui as volg:**

**Die Uitvoerende Raad is oortuig daarvan dat die taak van die Ossewabrandwag dringender geword het as ooit tevore. Verwikkelinge op nasionale en internasionale gebied maak dit noodsaaklik dat die standpunt van die O.B. weer 'n keer duideliker gestel word.**

Hoewel dit ongetwyfeld 'n sware slag vir die Beweging is dat hy op hierdie tydstip sy leier weens siekte tydelik moet ontbeer, roep die U.R. elke lid van die O.B. op tot hernuwing van die stryd. Laat ons strydkreet wees: **MAAK STERK DIE OSSEWABRANDWAG!**

### ● VOLKOME SELFSTANDIG:—

**DIE UITVOERENDE RAAD WIL BEKLEMTOON DAT DIE OSSEWABRANDWAG 'N VOLKOME SELFSTANDIGE BEWEGING IS WAT DIE REG HANDHAAF OM IN ALLE VOLKSAKE MEE TE PRAAT EN MEE TE DOEN.**

Hoewel die Ossewabrandwag die vriendskap en samewerking van enige nasionaalgesinde politieke party verwelkom — trouens die Ossewabrandwag beantwoord reeds die vriendskap van een party met wederkerige vriendskap — **is die beweging hoegenaamd nie gebonde aan enige politieke party nie.** Die Ossewabrandwag staan egter nie onverskillig teenoor die poginge, in belang van die volk, wat die nasionaalgesinde partye mag aanwend nie. **Inteendeel, die Ossewabrandwag sal sodanige poginge ten volle ondersteun.**

### ● EEN VOLK MET EEN TROU:—

**DIE HISTORIESE TAAK WAT IN SUID-AFRIKA VERRIG MOET WORD, IS DIE OPBOUING VAN EEN AFRIKANERVOLK MET EEN TROU. HIERDIE VOLK SAL SOWEL DIE AFRIKAANSSPREKENDE AS DIE ENGELSSPREKENDE BLANKES OMVAT EN HET AS BESTEMMING DIE VRYE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.**

Dit was hierdie ineens verhelderde visioen van 'n ou volksideaal wat die hele Afrikanervolk gedurende die Eeufeestrek in 1938 met soveel geesdrif en nuwe verwagting besiel het, en wat hom tot so 'n verbreide nasionale herlewing, eenheidstrewe en daadkrag in daardie tyd gelei het. Ons mag hierdie verwagtinge nooit ontken of verydel nie.

**Daarteenoor het die voortsetting van die historiese stryd tussen Afrikaner en Engelsman in die moderne partypolitiek hoofsaaklik drie verydelende gevolge:**

**(1) DIE STRYD IS VEREWIG:—**

**Oorspronklik het die stryd die verdeeldheid laat ontstaan; teenswoordig laat die gedwonge verdeeldheid tussen regerende party en opposisieparty die stryd voortbestaan.**

**(2) DIE STRYD HET BETEKENLOOS GEWORD:—**

**Geen beslissende oorwinning kan ooit behaal word nie, want die oorwinnaars wissel mekaar af soos die onderskeie partye òf regering òf opposisie is.**

**(3) DIE STRYD HET TOT REGERINGSONMAG GELEI:—**

**Hoewel Suid-Afrika se besondere probleme juis 'n sterk regering vereis, is Suid-Afrika se kroniese probleem swak regering en sterk opposisie.**

### ● VOLKSPOLITIEK IN 'N PARTYLOSE STAAT:—

**MOET DIE STRYD VIR VRYHEID OF VIR EMPIRE ALTYD ONBESLIS BLY?**

**Onder die partystelsel kan geen blywende oorwinnings behaal word nie. Meerderheidsparty en staat is een, en die meerderheidsparty hou glad nie rekening met die duurgekoopte oorwinnings van die toevallige minderheidsparty nie. Hierdie besef het gelei tot 'n begrip van die noodsaaklikheid van staatkundige hervormings en eindelik tot die algemene aanvaarding van die bekende Republikeinse Konsepgrondwet van 1941. Die Engelse oorwinnings van 1939 en 1943 het doodgeloop in die Afrikaneroorwinning van 1948. Maar moet hierdie oorwinning ook doodloop in 'n volgende of daaropvolgende neerlaag? DIE O.B. SÊ NEE.**

**BEWAAR HIERDIE MANIFES EN GEE DIT AAN U VRIENDE OM TE LEES.**

**Die Stryd moet beslis word, en wel ten gunste van Vryheid en die beslissing moet vasgelê word in die partylose Republiek van Suid-Afrika.**

### ● VOLKSREGERING:—

**MOET SUID-AFRIKA ALTYD AAN DIE KRONIESE KWAAL VAN SWAK REGERING LY?**

**Die O.B. sê nee.**

Die Ossewabrandwag bepleit gesamentlike volksregering instede van partyregering wat voortdurend verswak word deur gedwonge opposisie. Hierdie noodsaaklike hervormings moet teweeggebring word sonder vrees vir gevestigde belange. Die Ossewabrandwag wil skeiding maak tussen die uitvoerende en die wetgewende gesag. **Die volk moet 'n President kies wat sy ministers sal aanstel uit die volk se bekwaamste manne en wat vir 'n bepaalde tydperk met gesag sal regeer. Hy sal bygestaan word deur 'n Volksraad van volksverteenwoordigers (nie partyverteenwoordigers nie) wat waarlik vry is (sonder die tirannie van die partykoukus), en deur 'n Gemeenskapsraad van beroeps- en bedryfsverteenwoordigers.**

### ● LEIERSKAP IN AFRIKA:—

**DIE HOOFTAAK WAT DIE AFRIKANERVOLK MOET VERRIG, IS ONGETWYFELD OM AS LEIER IN AFRIKA OP TE TREE.**

Die Afrikaanse Vasteland staan op die drempel van 'n bloeitydperk van grootskaalse ontwikkeling. Afrika het nuwe strategiese betekenis gekry, want sy ooskus het die grens geword tussen die Weste en die Ooste. Afrika het tewens nuwe ekonomiese betekenis gekry, want aangesien Europa sy „spens" aan Rusland verloor het, is hy nou aangewese op Afrika vir voedselvoorrade. **Dit alles gaan verreikende gevolge hê. Daarom is dit lewensbelangrik vir Suid-Afrika om voortaan 'n toonaangewende rol in Afrika te speel. Suid-Afrika kan dus nie in die Britse Statebond afgesonderd bly staan nie, maar hy moet hom vryelik kan beweeg in die kring van westerse volke, in vriendskap met almal maar in besonder met die belanghebbende moondhede in Afrika. Suid-Afrika se natuurlike bondgenote is immers sy buurstate in Afrika.**

Suid-Afrika moet sy vryheid neem en dit gebruik om die blanke beskawing in Suid-Afrika te vestig deur die blanke beskawing op die vasteland van Afrika te help vestig. **Suid-Afrika moet van die geleentheid gebruik maak om die vasteland van Afrika eens en vir altyd in blanke en nie-**

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

# Franse Wil Oorlog Beëindig: Britte Stribbel Teen

**Die Franse regering sal op 3 Julie by geleentheid van 'n vergadering van die „Drie Grotes" vra dat die formele staat van oorlog wat daar nog tussen Duitsland en die drie Westerse lande bestaan, beëindig moet word. Daar word verklaar dat die opheffing van die staat van oorlog noodsaaklik is vir die werking van die Schuman-plan wat die Duitse en Franse swaar-nywerhede wil verenig.**

**Net soos in die geval van die Schuman-plan self waar aan die Britse regering nie sy volle steun wil gee nie, is die Britse regering ook in hierdie verband nie bereid om die Franse versoek te steun nie. Volgens 'n verklaring van 'n Britse ampsbekleder bestaan daar 'n verskil van mening tussen die Franse en Engelse oor die kwessie van vrede met Duitsland. Brittanje handhaaf die beskouing dat daar nog 'n staat van oorlog moet bestaan, terwyl die Franse beweer dat die oorlog met die oorgawe van die Duitse leërs al beëindig is en dat alle wetlike beperkings op die Duitsers nou opgehef moet word.**

Die Franse houding word deur waarnemers beskou as een van die gunstigste verskynsels in die Europese politiek, en kan as 'n aanduiding dien dat die Europese volke besig is om tot 'n eenheid te groei en alle geskille van die verlede nou wil begrawe.

**Dit is dus vanselfsprekend dat Brittanje, wat 'n eeue-lange beleid van verdeeldheid onder die benaming „magsewewig" ten opsigte van Europa gevolg het, teenkanting sal wil bied aan hierdie verloop van sake.**

## *Gaan Senaat Afskaf In Nu-Seeland*

Die Nu-Seelandse eerste minister, Sidney Holland, het verlede week aangekondig dat die hoërhuis tydens die volgende parlementêre sitting afgeskaf sal word. Die 25 lede wat die hoërhuis uitmaak, is vir die grootste deel aanhangers van die Arbeidersparty wat onlangs die nederlaag by die verkiesing gely het. 'n Gesamentlike kommissie van die twee huise sal intussen ondersoek instel na 'n geskikte plaasvervangende instelling vir die hoërhuis. Ook in Australië het die hoërhuis of senaat die afgelope week in gedrang gekom deurdat dit die regering se anti-kommunistiese wetgewing verongeluk het. Die opposisie het nog steeds 'n meerderheid daar.

DIE O.B., WOENSDAG, 28 JUNIE 1950

# DIE REPUBLIKEINSE STANDPUNT

**Die verklaring van die leiers van die Ossewabrandwag wat in hierdie uitgawe verskyn, is ongetwyfeld die belangrikste koersbepaling van die republikeinse Afrikanervolk wat sedert die einde van die oorlog bekendgestel is.**

Gedurende die oorlogsjare was dit algemeen aanvaar dat die Afrikanervolk 'n selfstandige koers het en dat sy leiers daardie koers moet volg en nie al agter die Britse Empire moet aanloop nie.

In die vredesjare na die oorlog heers daar ongelukkig nie dieselfde eenstemmigheid nie.

## TWYFEL EN ONSEKERHEID

**Daar is blykbaar twyfel of die Afrikanervolk nog 'n selfstandige koers het om te volg nadat die Britse Empire en sy bondgenote die tweede wêreldoorlog gewen het en daar is tewens onsekerheid of die Afrikanervolk dit durf waag om 'n moontlike selfstandige koers te volg in die huidige gevaarlike wêreld waarin hy leef.**

Daarom dat daar in sommige Afrikaanse kringe deesdae 'n denkrigting begin ontwikkel wat aanvaar dat die Afrikanervolk geen selfstandige toekoms het nie omdat ons volk se toekoms onlosmakelik gekoppel is aan die toekoms van die Empire-volke; dat die Afrikanervolk derhalwe moet verkies om 'n Empire-volk te bly; 'n Empire-koers te loop; en sy hoogste vryheid in 'n Empire-republiek te soek.

**Dit is blykbaar 'n defaitistiese en noodlottige opvatting wat ons volksbestaan gevaarlik ondermyn.**

## SELFSTANDIGE KOERS

Derhalwe was dit hoog tyd dat die selfstandige republikeinse koers van die Afrikanervolk in die na-oorlogse vredesjare ondubbelsinnig aangedui sou word. Dit het die leiers van die Ossewabrandwag in hierdie verklaring gedoen en daarvoor verdien hulle die dank van die hele volk. **Dit was nodig dat die leiers van die Ossewabrandwag onomwonde sou neerlê dat die Afrikanervolk in 1950 'n selfstandige koers het om in te slaan en dat die volk beslis nie in die jare wat voorlê agter die Empire moet aanloop nie.**

## EMPIRE 'N LAS EN GEVAAR

Die na-oorlogse wêreld waarin ons leef is deurgekap in twee groot halwes — die westerse en die oosterse blokke. Dit is die taak van die ledevolke van die westerse blok — waaraan ons behoort — om alles in hul vermoë te doen om die eenheid en die belange van hul blok te bevorder. Onder hierdie omstandighede het die Britse Empire uitgediend geraak en oorbodig geword en insoverre hierdie Empire homself nie handhaaf ten koste van die westerse blok het hy selfs 'n las en gevaar geword. **Vir die Afrikanervolk is dit derhalwe nie nou die tyd vir konsiliasie met die Britse Empire nie: inteendeel, dit is nou die tyd om die verkiesingsoorwinnings van 1948 te konsolideer tot 'n beslissende republikeinse oorwinning.**

## FUNDAMENTELE WAARHEDE

Ten aansien van bekende fundamentele vraagstukke het die leiers die republikeinse standpunt by hernuwing gestel. Let op die volgende:

'n Verenigde Afrikanervolk kan opgebou word alleen deur die natuurlike saambinding van die blanke huisgesinne en nooit deur die kunsmatige en tydelike aanmekaarskakeling van partye of brokstukke van partye nie. In hierdie dae van gerugte oor moontlike koalisies moet dié waarheid in gedagte gehou word.

Een trou aan die vrye republiek van Suid-Afrika kan gelding word alleen wanneer die ander trou — teenoor die Empire — uitgeskakel word. Egte Afrikaner-republikanisme kan hoegenaamd geen kompromis met die Empire aangaan nie.

Ekonomiese welvaart kan alleen bewerkstellig word wanneer die broodwinners van die volk ekonomiese verteenwoordiging en seggenskap in die regering kry.

## GELOOFSBELYDENIS

**Die verklaring van die leiers verteenwoordig die politieke geloofsbelydenis van elke lid en vriend van die Ossewabrandwag. Terwille van hierdie geloof het die Ossewabrandwag in 1938 ontstaan. En nou vra die leiers dat die Ossewabrandwag in 1950 en in die jare daarna sal voortbestaan terwille van hierdie selfde geloof.**

Vandaar die oproep: Maak sterk die Ossewabrandwag.

Diegene wat glo dat Suid-Afrika 'n selfstandige koers moet volg. Dat die republikeinse doelstellings in Suid-Afrika verwesenlik moet word. **Tot diegene kom die oproep: sluit jul geledere en maak luid jul stem, sodat vriend en vyand jul bestaan en jul standpunt kan ken.**

# OPPOSISIE KAN NOOIT IN HUIDIGE STELSEL STERF

## *Swakheid Bring Juis Redding*

**Die Engelse het 'n spreekwoord van staatsregtelike betekenis wat lui: „Die Koning is dood. Lank leef die Koning." Dit belig 'n sluitsteen in die Britse staatsmasjien. Nog een wat ewe waar sou wees kon gelui het: „Die Opposisie is dood. Lank leef die Opposisie". Dis 'n waarheid wat selde onthou word.**

### VERDEELDHEID DESTYDS GEEN GEVAAR NIE

Dis maklik om in te sien dat in die politieke klimaat waarin die Britse parlementêre stelsel sy eerste wankelende kinderskrede geneem het, die gevaar van verdeeldheid in die Koninkryk 'n afgeleë en onwerklike was.

Eenheid in die Britse staatsbestaan was 'n vanselfsprekende aanname veilig verskans agter o.a. die domineerende koningsfiguur en agter 'n sterk en dinamiese aristokrasie eers op groot grondeienaars en later ook op ryk finansiers en nyweraars gegrondves. Die bronne van 'n wêreldryk het alle begaafde Britte ryke geleenthede gebied en mildelik beloon. Afgesonderd van die ontwrigtende revolusies van die Vasteland het die Verenigde Koninkryk na **binne toe as doelbewuste, homogene volk hulle vlakke politieke verskille in politieke partye beliggaam en na buite toe die ongebroke imperiale front getoon.** Regeringspartye en opposisiepartye het afwisselende taktiek gebruik terwyl 'n konsekwente nasionale en internasionale strategie 'n Britse Ryk om die aardbol aaneengestrengel het.

### HUIDIGE TOESTANDE ANDERS

Onder sulke omstandighede was die verskille tussen partye slegs heilsaam. Sedertdien het toestande oral, ook in Engeland, verander. Die Parlementêre moeder te Westminster is nie meer in blakende gesondheid nie. Nog erger: haar kroos voer op verskeie punte waarvan die Unie een is, 'n bestaan wat wankel in die beoefening van deugde en slegs sterk is wanneer dit die kwade vermag.

Hier in die Unie met 'n blanke minderheid in twee trotse, ewe begaafde en ewe eergevoelige dele gesplits, met 'n oorheersende nie-blanke meerderheid, sonder een enkele nasionale saamsnoerende instelling deur alle burgers aanvaar, is die uitwerking van die Britse partypolitiek niks minder as diabolies nie. **Verdeeldheid word bestendig deur 'n Opposisie wie se voortgesette bestaan tot in lengte van dae nie slegs gewaarborg word nie, maar ook vereis en verwelkom word.**

### HUIDIGE KRISIS IN V.P.

Die Opposisie is nou middelpunt van nuusberigte. Veral is dit so omdat sy vriende waarskynlik vrees en sy vyande in der waarheid hoop dat sy dae getel is. Eintlik is die vrees van bekommerde V.P.-lede en die hoop van H.N.P.-lede ewe ongegrond. **Die Opposisie se lewe is onder ons stelsel ewiglik gewaarborg. Nog meer. Soos sake hier te lande staan is dit feitlik seker dat minstens twee groot partye altyd sal bestaan en sal teer op die gerieflikste en uitgesogte beskikbare bron van steun en stemme: die twiste van die verlede, die vooroordele, nasionale deugde en ondeugde van die Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes onderskeidelik. Geriefliker en meer duursame partystutte bestaan ongelukkig nie.**

**Aangenome dat genl. Smuts se lewe van politieke nuttigheid — of onnuttigheid — agter die rug is, aangenome dat sy opvolger in die persoon van adv. Strauss slegs na verbrokkeling**

**Deur J. de Vos**

die weg sal aanwys en dat die Verenigde Party in 'n dosyn skrewe uiteenspaander, dan nog sal die Opposisie nie ten onder gaan nie. Ewe min sal dit die Empire-gedagte misluk om dieselfde of 'n ander partymasjien as vandag te vind om sy draer te wees, hetsy in die Regering of in die Opposisie.

### STELSEL OP PARTYMASJIENE GEBOU

Dis 'n fyne apparaat, ons geroemde partystelsel. Gebou op die stewigheid van die groot partymasjiene reageer dit steeds op elke verskuiwing van ewewig.

Dis ook verstaanbaar. Twee groot partye of partygroepe ding om die mag mee. As, soos tans mag gebeur, die Opposisie ernstig verswak, verdwyn die drang en die dwang tot skerpe partytug by die Regering. Sy lede raak gerus. Sy wetsontwerpe is byvoorbaat van meerderhede verseker. Sy leiding kan nie en wil ook nie streng teen afvalliges of loues van hart optree nie. **Dan kom daar 'n kans vir die dood-gewaande Opposisie wie se parlementêre son slegs kan verdof dog nooit kan ondergaan nie, wie se leier spesiaal gesalarieer word, wie se krete geleidelik die oor van alle ontevredenes vang.**

### VOORBEELDE UIT ONLANGSE VERLEDE

Daar is baie voorbeelde van die proses. Genl. Hertzog was na lange jare te gerus toe die Volksraad van 1939 skielik sy sterk regering in twee gebreek het. Genl. Smuts het aan die bewind gekom, eers met 'n skamele meerderheid. Die Opposisie het in duie begin stort. Genl. Hertzog het daaruit verdwyn en die draadtrekkers,politiek gesproke, eerloos agtergelaat. Van die reste van die destydse H.N.P. het die Havenga-groep, die Nuwe Orde, die O.B.-gesindes weggeval. Nooit was 'n Opposisie meer ontredderd nie.

Smuts het daarop nog 'n verkiesing beter, as tevore, gewen. Sy Party was eers werklik, later egter slegs skynbaar onkeerbaar. **Selfs die Opposisie het in 1948 geen hoop op sege gehad nie, nooit denkende dat sy parlementêre swakheid juis die swakheid, die agtelosigheid, die lompheid by die leiding en doodsheid by die gevolg van die Verenigde Party veroorsaak het nie. Reaksie teen die alte magtige V.P. van destyds het die H.N.P.-Opposisie na die bewind gestoot.**

### GEVAARPUNTE IN UITERSTES

Gevaarpunte in die parlementêre stelsel is byna paradoksaal, in twee uiterstes geleë: 'n te grote ewewigtigheid in die Volksraad, waar Regering en Opposisie byna ewe sterk is soos tans; en in 'n te grote onewewigtigheid, waar die Regering aanvanklik baie sterk en die Opposisie baie swak vertoon. Hierdie laasgenoemde toestand mag nou miskien ontstaan.

### ONSEKERHEID AS FONDAMENT

Die partystelsel is ingestel op onsekerheid — noodwendige en kroniese onsekerheid. Die Opposisie moet altyd rede tot hoop kan vind, en hy het dit ook. Die Regering moet altyd rede tot vrees kan vind, en hy het dit ook. Teen die onsekerheid kan slegs één skans gebou word om die betreklike stabiliteit van die staat te handhaaf: sterk partymasjiene waarop Regering en Opposisie rus. Hierdie twee organisasies wedywer om die bewind te verkry. Krag by die een skep die behoefte aan nog groter krag by die ander tot die een of ander oorwin. Swakheid by die een wek swakheid by die ander, sus die teenstander aan die slaap totdat dit skielik blyk dat getalsterktes in die Volksraad 'n leë dop is waaragter werklike magsverskuiwings in die volk die Regering weer ontslaan en die Opposisie aan die bewind gestel het.

**Deurgaans bly een groot feit staan: DIE OPPOSISIE KAN NIE STERF NIE.**

## *Wanopleiding Voed Misdaad*

**Die kommissie van ondersoek na die reeks naturelle-onluste wat onlangs aan die Rand voorgekom het, laat die lig onder meer val op 'n naturelle-organisasie, die sogenaamde Tsotsibende, wat so 'n skrikbewind voer dat selfs tolke van die Departement van Justisie bevrees is om op te tree waar getuienis teen die bende te berde kom.**

Aangesien die bende hoofsaaklik uit jong naturelle bestaan, werp dit 'n refleksie op die realistiese onderwys waardeur die skole kennis aan die naturellejeug gee waarvan weinig gebruik gemaak kan word om 'n bestaan te vind. Almal wat skoolgegaan het, wil kantoorbetrekkings hê, met die gevolg dat die lokasie jeug ledig is en hulle trapsgewys ingelei word om lede van die bende te word waar hulle roof en steel vir 'n bestaan.

**Hierdie organisasie is blykbaar die stormtroepe van ander wat agter die skerms optree. Kommunistiese opstoking word as 'n belangrike oorsaak vir die onluste genoem.**

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.**

***VOORRAAD BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

# TYD NADER OM KRAGTE WEER SAAM TE TREK

**'n Suksesvolle openbare funksie van die Ossewabrandwag op die plaas van die kommandant, mnr. De Bruin naby Lydenburg is gehou op 31 Mei laaslede. Behalwe lede van die Beweging was daar ook besoekers o.a. lede van die H.N.P. en lede van die V.P. Die vergadering het onder voorsitterskap van die kommandant plaasgevind en is toegespreek deur die Gebiedsleier, prof. H. M. van der Westhuysen in die oggend, terwyl dr. E. Holm later in die dag as gas van die Ossewabrandwag ook 'n interessante toespraak gelewer het. Die dagfunksie het vrolik verloop om die kampvure met toesprake, worsbraai, gesels en spele.**

**Behalwe die sprekers is van elders opgemerk mnr. P. W. Buys, Stafhoof van Sentrale Hoofkwartier en mev. (prof.) Van der Westhuysen, later ook ds. S. J. Stander (vroeër voorsitter van die Grootraad) en mnr. en mev. Neethling van Burgersfort (generaal van Lydenburg). Ook ampsdraers van die plaaslike H.N.P.-organisasie was teenwoordig.**

Dr. Holm het van sy persoonlike ervaring sedert sy aankoms in Suid-Afrika vertel en sonder bitterheid probeer aantoon dat hy tot sover nog maar min tegemoetkoming van die huidige staatsbewind ondervind het in die uiters moeilike ekonomiese posisie waarin hy nog altyd verkeer. Heeltemal objektief het hy sy sienswyse probeer gee t.o.v. die huidige binnelandse politieke situasie gesien teen die agtergrond van die afgelope tien jaar.

Hy het verklaar dat hy die Ossewabrandwag gladnie as massabeweging sien soos wat dit vroeër wel was nie. **Dit is ook goed so dat dit vandag eerder 'n uitgelese groep mense is, wat as oortuigde draers van die Afrikanervolk se vryheidsgedagte en van sy eenheidsideaal bly staan ten spyte van alle vervolging, verguising of beswaddering van buite.** Wat homself betref wens hy sy besondere waardering te betuig vir die steun wat die Ossewabrandwag aan sy huis verleen het, veral tydens die periode van sy internering en gevangeneskap. Hy weet dat hy nie anders sal kan doen as om altyd te staan by daardie deel van die Afrikanervolk wat terwille van Afrikanerbeginsels deur brute mag om watter rede ookal vervolg word.

### WYER AS PARTYE

Die Ossewabrandwag is uitgedun omdat intussen die twyfelaars en diegene wat moeg geword het vir die stryd padgegee het. Ook die bedekte vyande het uitgetree. So hoort dit te wees want 'n beweging soos die O.B. moet helder voor die wêreld staan indien sy ideale moet seëvier. Die Ossewabrandwag het 'n fout begaan, toe hy begin soek het na 'n sogenaamde politieke tuiste vir sy lede in een of meer van die spesifieke politieke partye. **Sy taak t.o.v. die volk as geheel, is en bly wyer as wat moontlik is binne 'n bepaalde politieke partyverband.**

Die huidige regering en komende regerings sal meer en meer tot die besef en erkenning kom, dat die blanke beskawing alleen instand gehou sal kan word in Suid-Afrika indien blankes op grond van beginsels mekaar kan vind, sodat 'n praktiese oplossing van landsprobleme bereik kan word — iets wat vandag onmoontlik is.

### GEBIEDSLEIER

Die Gebiedsleier het aangevang deur na 31 Mei te verwys as 'n datum wat vir die Afrikaners veral twee betekenisse dra: **Eerstens in 1902 die verlies van die Boererepublieke se vryheid en onafhanklikheid; tweedens, die verdere inbinding van die Unie van Suid-Afrika as dominium en integrale deel van die Britse Empire in 1910.** Die Ossewabrandwag sal die eerste nooit vergeet nie en in die tweede stel hy belang, in soverre as wat juis dit aanleiding gegee het tot die bewuste herlewing van die Afrikaners se nasionale stryd, en wat in 1912 tot openlike versetsorganisasie teen verdere verbritsing en ontaarding onder wyle genl. Hertzog gelei het. **Die stryd wat toe bewus hervat is vir die daarstelling van 'n republiek, vry teenoor die hele wêreld en met verbreking van die Britse Rykskonneksie, is dieselfde stryd wat die Ossewabrandwag vanaf 1938 voortsit en waarmee hy van plan is om in die toekoms voort te gaan totdat die ideaal verwesenlik is.**

### FOUTE

Die tyd het aangebreek vir elke Afrikaner, in watter organisasie of party hy ook al staan, om sy hand in eie boesem te steek, en om rondborstig te erken dat ons almal growwe foute begaan het in die afgelope tien jaar. Dit het gelei tot botsing en verbittering, tot opoffering en lye, tot teleurstelling en onderlinge wantrou. **Dit het gelei tot verbrokkeling van ons volkseenheid en ons volkskrag, hoewel die uiteindelike doel van eenheid, saamstaan en vryheid vir ons land en volk die ideaal is wat ons almal besiel het.**

Die Ossewabrandwag is nie daar om soos 'n tipiese partyopposisie net altyd fout met 'n regering te vind nie; maar hy sal homself — al sê sy teenstanders ook anders — op grond van die sogenaamde vrye demokratiese beginsels, nie van gesonde kritiek op enige regering wil onthou nie. Nietemin het die Ossewabrandwag as organisasie in die afgelope twee jaar die partye 'n skoon kans gegun om die groot volksprobleme aan te pak. Deur die praktiese steun by die afgelope groot verkiesing van O.B.-kant af het dit moontlik geword vir die A.P. en die H.N.P. om die huidige regering te vorm. **Die Ossewabrandwag sal aanhou om opbouende werk van die regering te ondersteun; maar hy sal ook nie nalaat om die regering se mistastinge te kritiseer nie, veral wanneer dit tot algemene inkeer van die regeerders kan lei. Die algemene volksaak bly vir die Ossewabrandwag altyd swaarder weeg as die saak van 'n party of partye of van groepe.**

### TELKENS MISLUK

Niemand kan ontken dat in die afgelope twee jaar parlementêre leiers telkens probeer het om een of ander saak uit die partypolitiek te lig om samewerking van al die partye te kry ten einde oplossing vir 'n probleem te kan vind. **En niemand kan ontken dat dit telkens misluk het nie.** Daar is die vraagstukke oor Suidwes se inlywing, die Indiërkwessie, die Kleurlingstemreg, apartheid, inlywing van die protektorate, die Kommunisme ens. Daar word vandag openlik gevra of enigeen van die bestaande partye nog werklik op eie pote kan bly staan. **Niemand kan die Ossewabrandwag kwalik neem as hy saam met tientalle duisende ander individuele burgers begin twyfel daaraan of enige belangrike volksprobleem, insluitende die ekonomiese knoop en lewenskosteprobleem van vandag, deur die bestaande regeringskombinasie opgelos sal kan word. Die regering wil dit graag doen maar kan vanweë sy aard dit nie totstand bring nie.**

### NUWE ORIËNTASIE

Derhalwe kan niemand dit die Ossewabrandwag kwalik neem nie indien hy na twee jaar saamstoot in die stilte en kritiese betragting, weer aktief daartoe oorgaan om opnuut in klink-klare taal, net soos in die verlede, sy kant van die saak voor die volk te stel. In hierdie verband sal eersdaags 'n manifes deur die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag se Grootraad vir publikasie vrygestel word. **Dit is duidelik dat 'n nuwe politieke oriëntasie in die nabye toekoms verwag kan word in Suid-Afrika. En waar staan ons met die groot landsvraagstukke? Daar is na die stembusoorwinning van twee jaar terug nog nouliks koers gevat, en daar is al weer volop sprake van verandering in die partypolitieke konstellasie! Ons maal in die rondte soos 'n klomp verwilderde diere, maar bly ge-**

(vervolg op bladsy 4 kolom 3)

Gebruik
EPOL
GEBALANSEERDE
RANTSOENE
vir
Maksimum-Produksie
en
Groter Besparing
EPOL
S.A.P.V.
Pluimvee Mengsels
en Pille
EPOL
Suiwel- Kalf- en
Varkmeel


VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

# ROOIES ONTBIND HUL PARTY

**Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party het verlede week sy ontbinding aangekondig. Die kantore in al die provinsies is gesluit en die dokumente verwyder of vernietig. In 'n verklaring wat uitgereik en deur die voorsitter, I. O. Horvitch, onderteken is, word as rede vir die stap gegee dat die nuwe wet wat op hande is lede van die Kommunistiese Party aan straf onderhewig maak.**

Voordat wetgewing teen die Kommunisme ingedien is, is teen so 'n stap beswaar gemaak van verskillende kante omdat dit die Kommuniste net ondergronds sou dryf. Hierdie beswaar het nie veel om die lyf gehad nie omdat die Kommuniste dwarsdeur die wêreld nog altyd ondergronds was. **Hul belangrikste en gevaarlikste bedrywighede was nog altyd ondergronds en die Kommunistiese Party was nog maar altyd net die sitkamerverskynsel van die beweging wie se bydrae sover dit sy openbare funksies betref, slegs in sy propaganda geleë was.**

**Met verdwyning van die Kommunistiese Party het die Kommunistiese gevaar in Suid-Afrika nie saam verdwyn nie. Die ondergrondse magte is nog steeds aan die werk en staan, volgens getuienis van voormalige Kommuniste self, onder leiding van die Sowjet se diplomatieke verteenwoordiging. Daarom is dit noodsaaklik dat die regering ook hierdie kanaal moet toestop.**

VERVOERDIENS
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
J. A. STRAUSS
Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

## Nie Te Vinde Vir Aparte Gebiede


Die versekering dat die Britse regering nie van plan is om Tanganjika in blanke en naturelle-gebiede te verdeel nie, is verlede week deur die Britse minister van kolonies, James Griffiths in die laerhuis gegee.

KRY
LIEWER U
WINTER-
UITRUSTING
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow


DIE JAAR 1906
ALLE SIGARETTE HET BESTAAN UIT
100% INGEVOERDE TABAK



DIE JAAR 1950
SPRINGBOK-SIGARETTE BESTAAN UIT
100% SUID-AFRIKAANSE TABAK

Danksy
PIONIERSWERK
deur die vervaardigers van
SPRINGBOK
Die Nasionale Sigaret


US.401

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### IN MEMORIAM

**DU TOIT.**—Eensaam en verlangend herdenk ons weer na vier jaar — 30 Junie as die bittere dag van afskeid van ons geliefde eggenote en moeder „Marie".

Eerbiediglik roem ons u troue en edele nagedagtenis. Innig verlangend,
**Eddie en kinders, Bredasdorp.**
28/6/1

**KAMFFER.**—In liefdevolle herinnering aan my eggenoot en ons vader, weggeneem van ons deur die Heer op 26 Junie 1943.

U graf verkondig keer op keer,
Ons het op aard geen vader meer.
U verlangende eggenote, kinders en kleinkinders.
28/6/1

### BETREKKING GEVRA

**Jong man** met kennis van gemengde boerdery soek werk op 'n plaas buitekant die munisipale-gebied van Stellenbosch. Skryf aan **Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.**
21/6/3B

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** FG14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 2) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.**
19/4/TK

### GELEENTHEID OM U IN HEIDELBERG TVL. TE VESTIG

Pasgeboude siersteen woning, 4 vertrekke K.S.B., stoof met warmwaterstellasie, telefoon, garage, 2 buitekamers, grasperke, vrugte- en roosbome, 1½ erf, beste woonbuurt, aangebied vir £2,080. Munisipale lening £1,370 kan oorgeneem word, afbetaling £6/10/- maandeliks. Eiendom £2,500 werd maar winste nie toegelaat op lenings. Eienaar verlaat Unie. **Voorkeur O.B.-lede. Terme. Telegrafeer eers: Maraisstraat 131.**
28/6/1B

### BESIGHEID TE KOOP

**Algemene Handelaarsbesigheid en Goed geboude Woonhuis** onder een dak bestaande uit: Winkel, Eet- en Sitkamer, 3 Slaapkamers, Kombuis, Garage. Warm en koue water. **Word te koop aangebied te Weimarstraat 27,** Parow.

Verkoper bereid om eerste verband te gee. Doen aansoek vir verdere besonderhede en prys by **mnr. Pierre van Zyl, Ouditeur, Voortrekkerweg 161, Parow. Telefoon 988230.** 14/6/4B

### PLUIMVEE TE KOOP

**ROSCHANA PLUIMVEEPLAAS.**—Lid van S.A.P.V.-Telersregister. In besit Goewerments B.W.D. vry-sertifikaat. Wit Leghorn dagoud hennetjies £14, en dagoud **haantjies** £1/15/- per honderd. Kuikens word geteel van uitgesoekte henne met hoë produksie en hane van die Pretoria Universiteitsproefplaas geteel onder toesig van prof. Gericke. **Skryf aan mev. A. Roscher, Posbus 9080, Johannesburg. Telefoon 52.3067.** 31/5/3

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, **Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

# Die Tyd Word Min!

Almal wat **republikeine** is . . .
Almal wat ware **volkseenheid** nastreef . . .
Almal wat 'n **blanke toekoms** soek . . .
het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....................*

*.....................vir die eerste.....................maande.*

*NAAM.....................*
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES.....................*

.....................

.....................

.....................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# *Vergadering In Lydenburg*

(vervolg van bladsy 3 kolom 3)
**vange in die greep van die Britse parlementêre stelsel; wat ons eie sake betref, as volk voor die wêreld tot volslae onmag gedoem.**

### ONS TAAK

Die Ossewabrandwag glo dat dit hoog tyd geword het vir alle landsburgers om met woord en daad te getuig vir **Suid-Afrika eerste;** om te veg vir die volk van Suid-Afrika se bestaan en veiligheid; om met volle geloof en vertoue die verantwoordelike leierskap in Afrika as volksroep te aanvaar met die bewuste voorneme om sosiale geregtigheid daarin te beoefen; en om die voortbestaan, die hernuwing en praktiese ontwikkeling van die Christelike beginsels, en van die blanke beskawingswaardes. **Dit alles word eers moontlik as ons as selfstandige republiek in die wêreld kan saampraat.**

Die Ossewabrandwag ken sy eie taak en glo daarin. Hy roep alle Afrikaners wat glo in Suid-Afrika se selfstandige republikeinse toekoms om saam te staan op grond van genoemde beginsels. Vir sy eie lede sê hy na twee jaar se stille werk agter die skerms of vir die wat in die openbaar op rus staan: Staan nou nader; vir diegene wat gereed is, sê hy: Ossewabrandwag **aantree!**

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

# MEER GELD MET GROTER KOOPKRAG VIR WERKERS

**Die stelsel van aansporingslone is reeds in die tekstiel-, die rubber-, die skoen- en klerebedrywe, die mynwese en die ingenieurswese aanvaar. Die fabrieke wat hierdie stelsel aanvaar het, ervaar 'n toename in produksie terwyl die werkers hoër lone verdien.**

**Werkers in die tekstielbedryf waar aansporingslone van toepassing is, verdien tans gemiddeld £7/2/7 per week teenoor £4/9/0 voorheen. Dit beteken 'n loonsverhoging van 60 persent.**

**In 'n gloeilampfabriek het die werkers se lone met van 30 tot 60 persent toegeneem, in 'n klerefabriek met 30 persent en in 'n buitebandfabriek van 70 tot 135 persent nadat 'n individuele aansporingsloonstelsel van krag geword het.**

In verband met hierdie aangeleentheid skryf Volkshandel dat die eerste vereiste vir die verlaging van lewenskoste en die verhoging van die lewenstandaard van ons bevolking groter doeltreffendheid is. Aangesien die nasionale inkomste wat deur die fabrieksnywerheid verdien word, tweekeer soveel is as die van enige ander produksie- of diensvertakking van ons volkshuishouding, is dit aangewese om eerstens aandag aan die fabriekswese in hierdie verband te skenk. **Aansporingslone bring mee dat elke arbeider meer vervaardiging in dieselfde werkstydperk, meer verdien en sodoende die land se koopkrag verhoog. Terselfdertyd daal die produksiekoste. Die resultaat hiervan is eerstens dat meer goedere vervaardig word, tweendens, dat hierdie goedere as gevolg van groter doeltreffendheid teen laer pryse aan die publiek verkoop word en derdens, dat die inkomste van die werkers groter is en sodoende afsetgebied vir die groter produksie.**

**Die** verkiesing van ses verteenwoordigers van die Unievolksraad in Suidwes-Afrika sal op 30 Augustus plaasvind.

*Vir geurige verfrissing en vroulike verfyndheid*



# KWV

***-Eau de Cologne en -Laventel***



PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

K96

# *„Renazifikasie" Word Nou Toegepas Meen Lingsgesindes*

**Die woord „denazifikasie" wat kort na die oorlog op elkeen se lippe was toe Duitse burgers in opdrag van die oorwinnaars deur Duitse howe gesuiwer is van alle „nazistiese smette" by wyse van ontkiesering, berowing van eiendom en werk, is nou vervang deur die woord „renazifisering". Dit is die term waarmee linksgesinde joernaliste die herindiensneming van oud-volgelinge van Hitler beskryf. Volgens hierdie joernaliste is die Duitse staatsdiens vir 'n baie groot deel gerenazifiseer.**

'n Berig in Forward lui onder meer: „Die renazifikasie van Wes-Duitsland geskied met besondere snelheid op die gebied van onderwys en kultuur. Amptelike statistieke uit die Franse besettingsgebied byvoorbeeld toon dat reeds teen 1947 80 persent van die onderwyspersoneel in die laer skole voormalige Nazi's was. Die ou Nazi-skrywers en uitgewers tree weer op die voorgrond . . . In Beiere, Hitler se tuiste, verskyn vier-vyfdes van 106 koerante wat deur die Geallieerdes toegelaat word, weer onder die naam wat hulle onder Hitler gehad het.

„In Beiere was in die begin van die jaar meer as 20,000 van die staatsamptenare oud-Nazi's; 75 persent van meeste van die ministeries is oud-Nazi's; 60 persent van die regters het onder Hitler gedien. In Hesse, V.S.A.-gebied, is 59.4 persent van die departement van justisie oud-Nazi's en 54.5 persent van die onderwysers."

Daar word ook verwys na nuwe party-stigtings wat slagspreuke gebruik wat in die dae van Hitler gehoor is.

Wat hierdie soort korrespondent uit die oog verloor is dat die Duitse volk voor die oorlog vir byna honderd persent ondersteuners van hul bewind was en dat die enigste plaasvervangers in die openbare lewe dus eintlik maar net Kommuniste kon wees — wat aanvanklik inderdaad die geval was.

## BRILLE

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**

## Die Voortrekker-Apteek

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

# NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad,
pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

## SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

**Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 28 JUNIE 1950

# Ek Is My Broer Se Hoeder

**„EK SAL MY MEDE-AFRIKANER NIE IN DIE STRYD VERLAAT OF AAN DIE VREEMDELING OF VYAND UITLEWER NIE."**

**Hierdie week herdenk ons die sestigste verjaardag van ons kinderheld, Japie Greyling. As tienjarige seun is hy in die Engelse-Oorlog met die dood bedreig as hy nie sy mede-Afrikaner wil verraai nie — Drie minute het hy gehad om te praat, anders sou die gewere wat op hom gerig was, sy asem wegblaas.**

**Ons bring hulde aan sulke manne. Ons sal hulle voorbeeld probeer waardig wees.**

*Moedig beur jou span opregtes*
*teen die ergste steiltes uit,*
*met jou tentwa, egte Boerseun*
*wat die hoogste wal nie stuit.*

*Weer die berge af aan dié kant*
*op jou weg nog ongebaan,*
*Om met dagbreek, môrevroeg nog*
*baie ver van hier te staan.*

*O, die kinderlike onskuld*
*as jy so as Trekker speel*
*en die smart en pyn nie ken nie*
*wat jou moeder stil moet deel.*

*Hoor jy nie hoe angstig bid sy*
*kleine onskuld, kinderheld?*
*Smekend God vir krag en bystand*
*Vir jou vader in die veld.*

*Hoor jy nie die donders dreun nie,*
*oorverdowend bars die staal —*
*dreigend-eisend, dorsgeteisterd,*
*bloed! jou bloed, jou ideaal.*

*Hoor jy niks, geen krygsgedonder,*
*kleine onskuld, vryheidsheld?*
*Roep die stem van plig en ere*
*nie tot jou in die geweld?*

*O, maar hoor die hoewe dreunend*
*oorkant hierdie naaste rant;*
*staan op dalk is dit jou pappie*
*en die burgers van jou land!*

*Maar wat! vyand van jou nasie,*
*skender van jou heiligdom!*
*Waarom bons jou hartjie angstig?*
*Watter mag het jy teen hom?*

*(Hier kom hul nader, kleine maat;*
*hul wil van jou die waarheid hoor.)*
*„Waar's jou pa en sy kommando?"*
*vra die grote Brits „majoor".*

*Maar ek sien jou fiere antwoord,*
*(in jou oë blits dit weer,)*
*nimmer sal die Britse bende*
*selfs al sterf jy, triomfeer.*

*„Sien jy my soldate daar,*
*praat jy nie dan skiet hul jou,*
*sê my gou-gou waar's jou pappie*
*en die Boerkommando's nou!"*


*„Waarom praat jy nie, klein seuntjie,*
*waarom skud jou koppie weer!*
*Sit hom teen die waenhuismuur daar,*
*vat hom weg daar voor die deur!"*

*„Laai jul ses gewere, manne,*
*hy weet waar sy pa's verskans.*
*Lê aan, skiet raak, as ek beveel het.*
*Praat, seuntjie, dis jou laaste kans!"*

*Stadig neem hy altwee handjies*
*agter sy klein ruggie saam —*
*maar sy blik, opreg en edel*
*staar beslissend, onbeskaam.*

*„ ,K sal nie sê nie," is sy antwoord,*
*en die trompe sak omlaag —*
*watter hande word voorwaar dan*
*by sulke heldemoed nie traag!*

*Kinderheld van Boerenasie,*
*hoog ag jy wat joue is;*
*En waarlik ook getrou gebly*
*Al moes jy selfs die lewe mis.*



**AF**

1 Woestyn se waterdam.
2 Agting.
3 Kledingstof.
4 Amper „maer".
5 Na onder toe.
6 Naturel se „Aitsa".
9 Geduldig, gedienstig, gedwee.
12 Eetmaal.
14 Ongetwyfeld.
15 50 Persent plus nog 'n halwe.
16 Nommer.
17 Naturelle-konfensie.
18 Voël van Vrede.
19 Ken jy vir haar?
20 Bots.
21 Nog slegter.
22 Weefstof.
24 Kopstuk.

**DWARS**

1 Opvoering.
3 Konsuis.
7 Offisiersrang.
8 Kalkoentjie trap . . . .
10 Lastig.
11 Weeksdae.
13 Afrikaanse aanspreekvorm.
17 Vervoermiddel.
20 Kastig omgekrap.
23 Daarbinne.
24 Suid-Afrikaanse voël.
25 Belangrike Suid-Afrikaanse produk.
26 Daarvan hou ek nie.
27 Die Boerejeug.

## VERJAARDAG-KETTING

**JULIE**

6 Michiel Heine, Frankfort.
Mias Pretorius, Frankfort.

8 Berendina Rautenbach, Cedarville.
Jacobus Bester, Malmesbury.
Judith Joubert, Kanoneiland.
Adriana Basson, Kwaggafontein.
Catharina van Zyl, Dwarsspruit.

9 Nick Cloete, Fraserburg.
Thys Smit, Malmesbury.
Ria Froneman, Middelburg, Tvl.

10 Wilma de Villiers, Paarl.
Marthinus Smit, Malmesbury.
Rina Keyser, Loxton.
Salmina Smit, Oudtshoorn.
Catharina du Plessis, Kensington, Johannesburg.
Hennie Swanepoel, Frankfort.

11 Grieta Lubbe, Marchand.
Daphne Strauss, Frankfort.

# BRIEWE-KOLOM

Beste Maats,

So ja! Die keer gaan dit mos beter. Ek veronderstel dat julle almal so bly was oor die eksamen wat klaar is dat jul sommer uit pure vreugde aan ons geskryf het. Nou lê daar 'n lekker lang vakansie voor en ons wil alles weet wat jul aangevang het. Laat ons sommer ook weet hoe dit met die eksamen afgeloop het.

Maats wat graag aan ons wil skryf kan in die toekoms sommer die briewe aan Pans Taljaard, Posbus 95, Stellenbosch adresseer. Dit sal dan moontlik gouer in die blaadjie verskyn.

Van Oudtshoorn skryf Finkel Bothma aan ons van sy gelukkige kommandant. Die beriggie plaas ons elders op die blad.

Hannetjie van Dyk van Koster bedank ons vir die Boerejeug-kenteken wat sy nou eers — na so baie wag — ontvang het. Wat sy nie kan verstaan nie is dat die brief daarby al in Junie 1949 geskryf is. Dit het so gekom. Daardie pakkies is almal reeds verlede jaar so verpak met hulle briewe by. Ons was toe egter so besig met voorbereidings tref vir die Monument-laer, dat alle ander dinge opsy geskuif moes word. Toe ek nou die dag jou brief daar in die kantoor kry het ek gesorg dat die geskenkie dadelik gepos word. Dis mooi dat jy ons blaadjie so gereeld lees. Hou maar aan en skryf weer.

Een van ons gereelde skryfmaats is Sarie Gerber van George. Ons vind haar briewe altyd baie interessant en aangesien sy reeds gevra het vir penmaats kan julle gerus aan haar skryf. Sy is 16 jaar oud en die adres is Posbus 27, George.

Klein Lettie Snyman van Koffiefontein stuur 'n oulike verslag van 'n funksie wat hulle gehou het. Ons plaas die hele brief:

„Ons het op die 3de Junie 'n partytjie by veldkte. Anna Theron se huis gehou. Daar was baie kinders en ook 'n paar groot mense. Ons het lekker koek geëet. Ons het lekker gespeel ook. Net jammer ons klompie wat in die Koshuis is moes weer vroeg terug gaan. Sarie en Coenie het vir ons die O.B.-lied gesing en Kowie het vir ons 'n gediggie met die naam van Klein Piet v. d. Vliet opgesê. Rina de Wet en ek het ook 'n liedjie gesing. Tant Lenie Immelman het vir ons gewys hoe ons ons taal suiwer moet hou. Sy het vir ons 'n rympie van die ‚Lady' opgesê. Ek sal later meer skryf want ek sien my brief word te lank."

Dis dan al vir die week maats. Skryf maar gou weer.

Boerejeug-groete.

## Word Weekblaaie

Twee Afrikaanse dagblaaie wat die politiek van die Verenigde Party bevorder het, sal van aanstaande maand af net weekliks verskyn. Hulle is Die Suiderstem en Die Volkstem van Kaapstad en Johannesburg onderskeidelik.



REISPLAN duisend

Laat die S.A.S.-toeristeburo al die reëlings vir u tref. Dan is daar maar een kantoor om te besoek en een betaling om te maak. Dit is verreweg die beste manier om reisgenot te verseker — en dit is tog so eenvoudig. Die Toeristeburo sal u kaartjies vir land-, see- of lugreise uitreik, u plekbesprekings doen, en hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg vir u reël. Indien u met die Springbokdiens reis, en u plek by die Toeristeburo bespreek, sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk ook vir u gereël word. Al wat u dan te doen staan, is om u reis te geniet!

*Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester*

S·A·S TOERISTEBURO

*Luister na Carmen Cavallaro oor Springbok-radio; elke Dinsdag-, Donderdag- en Saterdagaand om 7-uur*

## *Indrukke van die Parlement*

# AFGESLOTE WÊRELDJIE MET EIE LEEFWYSE

**Iemand wat 'n paar keer besoek gebring het aan die parlement tydens die afgelope sitting gee sy indrukke as volg weer:**

**Ek wil nie in bevooroordeelde taal my uitlaat oor hierdie instelling wat op die oomblik wel nog van soveel belang is dat dit die septer swaai oor die wel en wee van ons volk nie.**

**Ek wil ook nie voor die voet veroordeel nie, want dit is vir my duidelik dat daar wel 'n aantal parlementslede is wat in alle erns meen om iets in belang van die land teweeg te bring. Maar daar is ook diegene vir wie dit net 'n ydele spel is, hoewel die meerderheid seker 'n mengsel van die twee is — mense wat die parlementêre pad bewandel in die selfoortuiging dat hulle dien — en deeglik bewus is van hul opofferings — maar nietemin tenvolle aanspraak maak op vergoeding wat gebied word in die vorm van spelgenot en toekomsgeleenthede vir die persoonlike ambisie.**

Dit is ook nie heeltemal reg om te veronderstel dat die parlementslede 'n tyd van vakansie in Kaapstad deurbring tydens die sitting nie. Vir baie is dit harde werk, min slaap en 'n byna ondraaglike dissipline onder die tirannie van die partysweep. **Maar hierdie afmattinge is vir meeste soos die sweetparsende oefeninge van die sportman — die minder aangename newe-produk van die plesier.** Veral in die afgelope paar sittings met die byna gelykopstand van die partye was dit duidelik dat die partytug die lewe oor die algemeen minder gesellig in Kaapstad gemaak het.

### BUITE BEREIK

Sodra 'n mens binne die mure van die parlementshuis is, word jy al dadelik getref deur die besef dat jy jou op grondgebied bevind wat in geen verband met die werklikheid staan nie. Jy beweeg tussen mense wat hul eiesoortige probleme het, hulle eie kode van gedrag en hul eie sin vir humor. Dit word dan ook vir jou duidelik waarom hulle so maklik praat van „die volk daarbuite". Die werklikhede van die lewe skyn so volkome uitgesluit te wees uit hierdie koninkrykie dat jou eie ervaringswêreld na 'n kort verblyf terugwyk oor die gesigseinder van jou bewussyn. **Die volk self lewe hier in die gedagtes van meeste lede slegs in sover dit 'n stemwaarde verteenwoordig vir die verskillende sette, slagkrete en toesprake wat mekaar afwissel in hierdie spel om mag.**

### VERSTEEND

Ek het op die galery gesit en neerkyk op die bedrywighede daaronder. **Wat dadelik tref is die omslagtigheid van spraak en handeling en die versteende prosedure wat met jaloerse ywer beskerm word soos 'n kosbare antikwiteit.** Ek het lede teengekom wat reeds twee jaar daar sit en nog geen volledige begrip van die prosedure en die verskillende gebruike wat daar in swang is, het nie. En dit is dan ook sulke lede — en ook onbedagsame ervare hande — wat soms die grootste genot en afleiding verskaf wanneer hulle die een of ander verstarde reël oortree. Byvoorbeeld: wanneer 'n spreker praat, is dit verbode om tussen hom en die Speaker deur te stap. Iemand wat dan by die hoofdeur inkom, moet soms aanstap tot agter die Speaker se stoel verby en die hele afstand weer terug aflê na sy sitplek wat miskien naby die deur is. Soms is 'n spreker in so 'n posisie dat 'n lid selfs nadat hy hierdie Kaapse draai gemaak het, nog die lyn tussen die Speaker en die spreker moet kruis. **Daar is dan geen fout mee nie — die goeie bedoeling word blykbaar in daardie geval vir die daad aanvaar.** Maar wee hom as hy in die begin dieselfde lyn oor die korter afstand sou kruis. 'n Onbedaarbare koor van „orde, orde!" en 'n skaterlag sal hom tot op sy sitplek agtervolg. En dieselfde lid wat 'n verdoemende onthulling vanaf die openbare verhoog met die gemak van 'n krieketspeler van hom af wegslaan, sal tot op sy skouerknoppe bloos.

### GROOT GELAG

Ek het gesien hoe selfs Ministers trane in hul oë uitskater omdat 'n voorbanker van die opposisie onder weg na buite vir 'n oomblik aan regeringskant vertoef en daardeur die een of ander aanmerking op hom getrek het. Soos ook in die koerante berig, het „herhaalde en uitbundige lagbuie" 'n lid tot by die deur agtervolg toe die Speaker hom per abuis aan die woord gestel het terwyl hy eintlik opgestaan het om die saal te verlaat. **Insidente soos hierdie sal in 'n gewone vergadering van sê 'n direksie of selfs 'n kulturele debatvereniging nouliks 'n glimlag ontlok, maar in hierdie wêreldjie op sy eie is dit oorsaak vir uitbundige pret.**

### KUNSMATIG

Net so kan die gemoedere eensklaps in toorn ontvlam en verontwaardige beroepe op die Speaker gedoen word om verwysings teruggetrek te kry wat „onparlementêr" sou wees, maar wat in werklikheid veel minder griewend is as regstreekse aantygings wat met 'n stuitlike kwinkslag afgemaak word. **Trouens die hele stryd daar in die raadsaal gee so 'n indruk van kunsmatigheid dat mens gedurig die gevoel het asof jy na 'n toneelopvoering kyk — 'n indruk wat verskerp word deur die kontras in die wandelgang waar dieselfde lede wat 'n oomblik gelede met swaaiende wieke in woede teen mekaar gebrul het, mekaar nou met 'n kameraadskaplike klap op die skouer verseker van onverganklike toegeneentheid.** Dit is soos voetbalspelers wat met knersing van tande mekaar tydens die wedstryd in die grond intrap, maar onmiddellik na afloop daarvan heerlik saam gesels oor die verskillende insidente gedurende die spel.

**Dat in hierdie wêreldjie met sy afgekampte arena waar 'n spel gespeel word, ooreenkomstig die slepende reëls van vergange eeue, weinig of geen moontlikheid bestaan vir hernuwing of aanpassing nie, maar dat dit nog baie jare sal voortmaal met sy trae gang onderwyl die moderne wêreld van die atoomeeu verbydruis, is 'n oortuiging wat soos 'n muwwe spook in my gedagtes kom setel het.**

---

# *ISRAEL WORD OOK LAMGELÊ DEUR PARTYSTELSEL*

**Dat die jeugdige Joodse staat, Israel deeglik aan bande gelê word deur die partypolitiek wat ook daar as „demokrasie" ingevoer is, blyk uit 'n oorsig wat die Israel Economist na afloop van die vorige parlementsitting gegee het. Die blad verklaar dat „wetgewing in Israel te stadig is om tred te hou met die behoeftes van die land", en toon dan aan dat van 'n tiental maatreëls wat by die opening van die sitting deur die eerste minister as „dringend" aangekondig is, net een die paal gehaal het na die wetboek.**

**„Wanneer die faktore wat hierdie onrusbarende toedrag van sake teweeggebring het, oorweeg word, kan mens nie nalaat om bewus te word van die groot hoeveelheid tyd wat verkwis is deur partypolitieke geskarrel en uit-en-uit slegsê-wedstryde nie. Hoewel die Speaker deel van die skuld moet dra, kan daar geen twyfel bestaan nie dat die vernaamste rede vir die skandelike tonele wat aan die waardigheid van die wetgéwende raad afbreuk gedoen het, opgesluit lê in die bitterheid van die partystryd in Israel. Dit is verskerp deur die klaarblyklik stewig gevestigde tradisie dat foute nooit erken mag word nie, teenstanders nooit lof mag ontvang nie (selfs wanneer mens persoonlik met hulle saamstem) en dat geen geleentheid nagelaat mag word om ou afgesaagde partykrete wat elkeen ken en niemand meer glo, oor en oor te herhaal nie. Op die wyse is 'n groot hoeveelheid tyd verkwis deur die openbare herbevestiging van die beleide van Mapai, Mapam, Herut, die Algemene Sioniste en die Godsdienstige blok, wat niks tot die wetboek toegevoeg het nie, maar skitterende geleenthede gebied het vir die uitruiling van beledigings oor die vloer van die huis."**

---

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**blanke gebiede verdeel te kry.**

**Suid-Afrika se buitelandse beleid moet derhalwe afstuur op republiekwording en op die verkryging van die internasionale aanvaarding van die beginsel van totale vertikale apartheid in Afrika tussen wit en swart — sonder inkorting van die ontwikkelingsmoontlikhede van enigeen.**

**● EKONOMIESE VERTEENWOORDIGING:—**

**DIT IS DIE REG VAN ELKE LID VAN DIE AFRIKANERVOLK OM VRY EN WELVAREND, KOMMERLOOS EN GELUKKIG IN SY VADERLAND TE LEWE.**

Vir jare reeds is dit ongelukkig nie die geval nie. Duisende Afrikaners het die slagoffers geword van die hoë lewenskoste. En hoewel dit die geval is, is daar geen enkele bestuurlike liggaam in Suid-Afrika wat belas is met die versorging van die ekonomiese behoeftes van die volk nie. **In die dae toe ons vaders in Europa geen politieke vryheid gehad het nie, het hulle aangedring op politieke verteenwoordiging in die landsbestuur. Vandag wanneer daar geen ekonomiese vryheid bestaan nie, dring die Ossewabrandwag aan op ekonomiese verteenwoordiging in die landsbestuur.**

**Dit kan so maklik geskied.**

**Die Senaat het in der waarheid oorbodig geword. Laat hom nou gerus verdwyn en skep in sy plek 'n Gemeenskapsraad van beroeps- en bedryfsverteenwoordigers waar die ekonomiese belange van die volk versorg sal word.**

**● DIE OSSEWABRANDWAG SE POSISIE:—**

**DIE UITVOERENDE RAAD WIL ONOMWONDE VERKLAAR DAT VOORNOEMDE DOELSTELLINGS NIE VERWESENLIK KAN WORD DEUR 'N UITSLUITENDE POLITIEKE PARTY NIE. HULLE KAN ALLEEN BEREIK WORD DEUR 'N INSLUITENDE VOLKSBEWEGING.**

**Daarom streef die Ossewabrandwag openlik daarna om sodanige volksbeweging te verwek. En daarby pleit die Ossewabrandwag steeds vir samewerking by verwante organisasies, sodat hierdie doelstellings deur die samewerkendes—as insluitende volksbeweging — verwesenlik kan word.** Die Ossewabrandwag het nie alleen met die woord nie, maar boweal met die daad, die poging van die Afrikanerparty ondersteun om samewerking te bewerkstellig. Trouens, vir die afgelope maande al markeer die Ossewabrandwag die pas, in die verwagting dat die Afrikanerparty se poginge met sukses bekroon sal word. Oor die hele Suid-Afrikaanse politiek sweef 'n gees van afwagting. Onder hierdie onsekere omstandighede wil die Uitvoerende Raad die Ossewabrandwag se posisie duidelik stel:

**Die Ossewabrandwag gaan voort in die rigting van die doelstellings wat hy bely. Daarom bou hy sy organisasie weer kragtig uit. Die Ossewabrandwag bly bereid tot samewerking, maar deins vir geen oomblik terug om die pad wat hy so helder sien, alleen te bewandel as dit moet nie. Dit doen hy dan in die volle besef van sy roeping en sy verantwoordelikheid teenoor God, Volk en Vaderland.**




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.




Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER.

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA 4


$„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.